# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2016

## GRAAD 10

**EKONOMIE**

**(VRAESTEL 2)**

**NAAM VAN LEERDER:** ______________________________________________

**GRAAD:** __________

**TYD: 1½ uur**

**PUNTE: 100**

**10 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 2**

**Tyd: 1½ uur**

**Punte: 100**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord DRIE vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige EEN van die twee vrae.
   AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die twee vrae.

2. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

4. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die vereistes van die vrae voldoen.

7. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

8. Gebruik slegs blou ink.

9. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **(20 punte – 15 minute)**

1.1 Verskillende opsies word voorsien as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK voorsien, neer.

1.1.1 Die bedrag geld wat verbruikers bereid is om vir ʼn goed of diens op te offer, is bekend as …

A bevrediging.
B prys.
C waarde.

1.1.2 ʼn Produksiemoontlikheidskurwe met ʼn reguit afwaartse helling dui ʼn … geleentheidskostekoers aan.

A konstante
B veranderlike
C optimum

1.1.3 Regerings hef belasting ter wille van……

A inkomste.
B besteding.
C wins.

1.1.4 Die bevrediging wat ʼn verbruiker kry uit die verbruik van goedere en dienste is bekend as…

A nut.
B waarde.
C prys.

1.1.5 Indifferensie kurwe-ontleding word gebruik om …

A verbruikersvoorkeure te voorspel.
B ʼn teoretiese verwantskap tussen verskillende verbruikersgoedere te toon.
C verskillende kombinasies van goedere en dienste in volgorde van voorkeure te rangskik.

(5 x 2) (10)

1.2 Kies ŉ beskrywing in KOLOM B wat by die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Oligopolie | A | Toon alternatiewe kombinasies van goedere wat ŉ verbruiker teen gegewe pryse met ŉ gegewe inkomste kan koop. |
| 1.2.2 | Begrotingslyn | B | Deur die regering verskaf |
| 1.2.3 | Sondebelasting | C | Af-speling tussen twee produkte |
| 1.2.4 | Mikro-ekonomie | D | Belasting wat gehef word op goedere wat die staat as onwenslik beskou |
| 1.2.5 | Geleentheidskoste | E | Oordragbetalings deur die staat |
| 1.2.6 | Openbare goedere | F | ŉ Paar verkopers beheer die mark |
| | | G | ŉ Studie van die gedrag van individuele besluitnemingseenhede |

(6 x 1) (6)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term/woord langs die vraagnommer ( 1.3.1 – 1.3.4 ) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Waar kopers en verkopers ontmoet om ŉ prys en hoeveelheid vir goedere en dienste wat verkoop word te bepaal.

1.3.2 Die maksimum hoeveelheid bevrediging vir die bedrag spandeer.

1.3.3 Produkte wat in die plek van ander produkte gebruik kan word.

1.3.4 Goedere wat tot voordeel van almal beskikbaar gestel kan word.

(4x1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.


**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE (40 punte – 30 minute)**

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Noem enige TWEE redes vir die bestaan van onvolmaakte markte. (2x1) (2)

2.1.2 Beskryf kortliks die konsep van *gemeenskaplike goedere*. (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.




Bron: 2016 Begroting: Publiek se gids, Afrikaans


2.2.1 Watter diens het die grootste bedrag ontvang, volgens die diagram? (1)

2.2.2 Hoeveel het die regering aan welsynsdienste in die 2016/17 begroting spandeer? (1)

2.2.3 In 2016/17 was die totale owerheidsbesteding R1 463,30 Mjd. Bereken die persentasie wat op welsynsdienste spandeer is. (Toon ALLE berekeninge) (4)

2.2.4 Wat is die doel van welsynstoelaes? (2x2) (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg:




[Bron : https://en.wikipedia.org/wiki/Marketing]

2.3.1 Watter tipe mark word in bogenoemde spotprent uitgebeeld? (1)

2.3.2 Gee ʼn voorbeeld van so ʼn mark in Suid-Afrika. (1)

2.3.3 Noem TWEE ander markstrukture behalwe vir die een in Vraag 2.3.1 genoem. (2)

2.3.4 Gee ʼn rede vir jou antwoord in Vraag 2.3.1. (2)

2.3.5 Verduidelik hoe ʼn tweede bakkery die dorp se inwoners sal bevoordeel. (2x2) (4)

2.4 Verduidelik wat bedoel word met *pareto doeltreffendheid* en hoe dit verband hou met *produktiewe – en allokeringsdoeltreffendheid*.
(4x2) (8)

2.5 Met behulp van ʼn grafiek, illustreer hoe ʼn subsidie op melk die melkprodusent en die verbruiker sal beïnvloed. (2x4) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE** **(40 punte – 30 minute)**

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Noem enige TWEE gevolge van produktiewe ondoeltreffendheid. (2x1) (2)

3.1.2 Hoe sal ŉ verhoging van sondebelasting die prys van sigarette beïnvloed? (1x2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Prys van kragopwekkers | Hoeveelheid gevra | Hoeveelheid aangebied |
|---|---|---|
| R12 000 | 1 500 | 3 000 |
| R10 000 | 2 000 | 2 000 |
| R8 000 | 2 500 | 1 500 |
| R6 000 | 3 000 | 1 000 |
| R4 000 | 3 500 | 500 |


3.2.1 Teen watter prys is beide kopers en verkopers gelukkig? (1)

3.2.2 Wat word hierdie prys genoem? (1)

3.2.3 Gebruik die inligting in die tabel en teken ŉ vraag- en aanbodkurwe op dieselfde assestelsel. (4)

3.2.4 Noem enige TWEE faktore wat die vraag na kragopwekkers sal verhoog. (2x2) (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Wat is die doel van die produksiemoontlikheidskurwe? (2)

3.3.2 Hoeveel appels kan geproduseer word indien al die hulpbronne gebruik word om appels te produseer? (2)

3.3.3 Is produksie by punt **H** moontlik? Motiveer jou antwoord. (3)

3.3.4 Watter punt dui ondoeltreffendheid aan? Motiveer jou antwoord. (3)

3.4 Bespreek kortliks enige TWEE funksies van markte. (2x4) (8)

3.5 Onderskei tussen enige TWEE gemeenskaplike funksies van indifferensiekurwes. (2x4) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

| **STRUKTUUR VAN OPSTEL** | **PUNTETOEKENNING** |
|---|---|
| **Inleiding** | **Maks 2** |
| **Inhoud**<br>• <u>Hoofdeel</u> Bespreek in besonderhede / In-diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed (Analiseer) / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br><br>• <u>Addisionele gedeelte</u> Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks. | <br>**Maks 26**<br><br><br><br><br>**Maks 10** |
| **Gevolgtrekking**<br><br>Enige hoër-orde gevolgtrekking moet insluit:<br><br>• ŉ Kort samevatting van wat bespreek is sonder om feite te herhaal wat alreeds genoem is in die inhoud.<br>• Enige opinie of waardevolle mening op die feite wat bespreek is.<br>• Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / analise te versterk.<br>• ŉ Teenstrydige standpunt met motivering, indien dit vereis word.<br>• Aanbevelings. | **Maks 2** |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE** **(40 punte – 40 minute)**

*"Markte is ŉ verskynsel eie aan ŉ ekonomiese stelsel wat uit private ondernemings bestaan."*

- Bespreek markstrukture volledig volgens die eienskappe:
  *Aantal produsente, aard van die produk, toetredingsversperrings en beskikbaarheid van inligting.* (26)

- Verduidelik kortliks die voorwaardes waaraan goedere en dienste moet voldoen om geskik te wees vir handel op wêreldmarkte. (10)

**[40]**

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **(40 punte – 40 minute)**

*"Een van die maniere om armoede in Suid-Afrika te bekamp, is om minimumlone af te dwing".*

- Ontleed hierdie stelling krities deur te verwys na die redes vir die implementering en die impak van die minimumlone in Suid-Afrika. Verwys na die voordele en nadele van minimumlone in Suid-Afrika. (26)

- Met behulp van 'n goed benoemde grafiek verduidelik die uitwerking van minimumlone op die arbeidsmark. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**